Mediavrystelling
Vir onmiddellike publikasie 17 Augustus 2023

VETERANE ÉN NUWELINGE PRESTEER IN SHIRAZ SA CHALLENGE

Die uitblinkers van die 11de jaarlikse Shiraz SA Challenge is op Donderdag 17 Augustus 2023 in die Paarl deur Shiraz SA bekend gemaak, met veteraanwenners sowel as nuwelinge wat presteer het.

Finaliste en bekendes in die wynbedryf het vir dié glanstoekenningsgeleentheid byeengekom by Simonsvlei Wynkelder, die wyn-ikoon wat onlangs as handelsmerk en leefstylbestemming herrys het. Tracey Lange, gewilde radio- en televisiepersoonlikheid, was die seremoniemeester en die musikant Schalk Joubert het die gaste vermaak. Die hoofborg was Vinventions, die internasionale verskaffer van sluitmiddels vir wynbottels wat reeds jare lank by Shiraz SA betrokke is.

SHIRAZ-TROFEE VEREER "AFRIKA SE TOP-WYNLANDGOED"
Shiraz SA het **Creation Wines** aangewys as die wenner van die tweede jaarlikse Bernard Podlashuk Shiraz-trofee, wat 'n kontantprys van R30 000, geborg deur Bellingham, insluit. Hierdie manjifieke trofee is vernoem na die "Vader van Suid-Afrikaanse Shiraz", Bernard Podlashuk. Hy en sy vrou Fredagh het in 1943 die plaas Bellingham in Franschhoek gekoop en was baanbrekers wat Suid-Afrika se eerste enkelkultivar-Shiraz in 1956 gebotteleer het.

Saronsberg is in 2022 as die eerste ontvanger van dié trofee aangewys ter erkenning van hul prestasie oor die eerste dekade van die Shiraz SA Challenge. Vanjaar is alle produsente genooi om in te skryf met "uitnemendheid, innovering, kreatiwiteit, volhoubaarheid en sosiale verantwoordelikheid" as kriteria. 'n Paneel, bestaande uit Andrew Harris van Bellingham Wines, Francois Haasbroek van Shiraz SA se Bestuurskomitee, dr Etienne Terblanche van Vinpro en prof Jako Volschenk van die Universiteit Stellenbosch Besigheidskool, het die inskrywings beoordeel. Drie finaliste is aangewys, met Creation Wines wat twee ander waardige aanspraakmakers, Ken Forrester Wines en De Grendel, uitgestof het.

VANJAAR SE WENNERS: VAN SHIRAZ TOT VERSNIT TOT ROSÉ
Sestien wenners is in die Shiraz SA Challenge se **drie kategorieë** aangewys.

Die **Top-12-Shiraz van 2023** is (in alfabetiese volgorde)**:**
* Anthonij Rupert Cape of Good Hope Riebeeksrivier Syrah 2018
* Darling Cellars Gustus Shiraz 2021
* De Grendel Op die Berg Syrah 2021
* Dewaldt Heyns Weathered Hands Shiraz 2020
* Diemersdal Syrah 2022
* Fairview The Beacon Shiraz 2020
* Flagstone Dark Horse Shiraz 2019
* Groenland Syrah Premium 2018
* Kleine Zalze Family Reserve Shiraz 2019
* Stellenzicht Arenite Syrah 2019
* Uva Mira The Mira Shiraz 2020
* Wildeberg Red 2022

Die **2023 Shiraz-versnitwenners** is:
* Babylonstoren Babel 2021
* Flagstone Velvet 2017
* Quoin Rock Simonsberg Blend 2020

Die **2023 Shiraz Rosé**-wenner is:
* Villion Rosa Rabbedoe Rosé 2023

GEHALTE EN VARIASIE BEÏNDRUK BEOORDELAARS

Die bekende keldermeester van De Grendel, Charles Hopkins, was die voorsitter van die beoordelaarspaneel. Die span gesoute proeërs op die paneel saam met Hopkins was die Kaapse Wynmeester dr Andy Roediger van die Universiteit Stellenbosch, die Kaapse Wynmeester Bennie Howard, ondervoorsitter van die SA Nasionale Wynskouvereniging, Heidi Kritzinger van Kanonkop Wynlandgoed, Nongcebo Langa, wynmaker van Delheim Wines, en Shanice du Preez van De Grendel, as protégée.

Volgens Hopkins het die gehalte en variasie van vanjaar se inskrywings uitgestaan: “Ons het slim gebruik van eikehout en meer vruggedrewe geure ervaar. Die uniekheid van Shiraz van enkelwingerd-afkoms en die verskeidenheid van terroir was opmerklik.”

Die proestelsel, wat in samewerking met die Universiteit Stellenbosch ontwikkel is, bepaal dat elke beoordelaar die wyne in ‘n unieke volgorde proe en geen gesprekke daaroor voer nie. Die sagteware-en-ondersteuningsverskaffer Wine MS het die beoordelaars bygestaan en die ouditeursmaatskappy Exceed Group het die proses en die uitslae gekontroleer. Crystal Direct het glase ideaal vir die proe van Shiraz geborg en Lebone Paarl Labels het die bottelseëls vir die wenwyne verskaf. Soos gebruiklik, is ‘n hoeveelheid van die wyne wat nie gebruik is nie, aan die Pebbles Projek geskenk.

VIER NASIONALE SHIRAZ-DAG OP 21 AUGUSTUS

Shiraz SA nooi alle liefhebbers van die kultivar om nasionale Shiraz-dag op Maandag 21 Augustus landwyd te vier. “Augustus is die perfekte tyd van die jaar vir ons jaarlikse Seven Days of Shiraz and Venison in samewerking met deelnemende lede,” sê Edmund Terblanche, Voorsitter van Shiraz SA. “Bespreek jou plek om seker te maak dat jy nie hierdie ervaring misloop nie.”

Besoek www.ShirazSA.co.za vir al die uitslae en meer inligting. Gesels saam op sosiale media met #ShirazSAAwards en volg Shiraz SA op Twitter @Shiraz_SA, Facebook @ShirazSouthAfrica, en Instagram @shirazsouthafrica.